

27 April

**Skrifgedeelte: Esegïel 13-15
Fokusgedeelte: Esegïel 13:7 en 10**

Onderskei goed wat God regtig sê

Die profete van Israel het dikwels te doen gekry met valse profete wat voorgegee het dat hulle God se Woord verkondig. Dit was veral die geval in die onstuimige tye waarin Esegïel (en Jeremia) gelewe het. Vir die volk was dit nie altyd so maklik om te onderskei tussen die ware en valse profete nie. Gevolglik is hulle dikwels verlei om die valse profete te glo, tot hulle groot nadeel. Hierdie valse profete het hulle eie gedagtes verkondig – en dikwels was die gedagtes van die valse profete presies dit wat die volk wou hoor. Dit was beslis so in die tyd van Esegïel. Die Here het Esegïel gestuur met die opdrag om God se oordeel aan hulle te verkondig, veral in die eerste gedeelte van die boek tot by hoofstuk 24. Hierdie profesieë dateer uit die tyd voor Nebukadnesar Jerusalem verwoes het. Die volk moes hulle skuld besef en hulle tot God bekeer. Hulle wou dit egter nie doen nie en het gehoop dat hulle gou na hulle eie land sou kon terugkeer. Die valse profete het juis dit gesê wat die volk wou hoor, dat alles gou sal regkom. Dit was egter nie God se woord nie. Jesus het die kerk gewaarsku om juis versigtig te wees vir die valse profete (Markus 13:22). Ons moet dus die woorde toets van diegene (soos baie rondreisende predikers) wat voorgee dat hulle God se Woord bring. Toets hulle woorde aan die volle Woord van God om te sien of hulle God se woorde bring, want God weerspreek Homself nooit.

Sing: Psalm 19:5

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)